# Hoofstuk van die dag: Jeremia 18

> *Tog het my volk My vergeet en wierookoffers gebring vir gode wat nie bestaan nie … (Jer 18:15a)*

Die “probleem” met geloof is dat ons nie dít wat ons glo, en Hom in wie ons glo, empiries kan bewys nie. Ons kan nie deur

redenasies die bestaan van God, of die nie-bestaan van God, uitklaar nie. Daar was juis nou weer so ’n poging toe George Claassen op Netwerk24 ’n giftige meningstuk geskryf het om geloof belaglik te maak. Hy is goed geantwoord deur ’n paar stewige Christen-wetenskaplikes. Maar dié polemiek is futiel. Dit handel oor sake wat nie op gewone wetenskaplike maniere hanteer kan word nie. ’n Benadering van “sien is glo” gaan jou nie hier help nie. Dit het Jesus al vir die Jode gesê (Joh 6:30, 36; vgl Heb 11:1).

Die raaisel van die sonde is dat ons telkens hunker na bewyse vir God se bestaan. Omdat daar nie sulke bewyse is nie, máák mense bewyse (afgode), soos die Judeërs destyds (vers 15; vgl vers 9). Dié wat hulle gewete daaroor aanspreek, neutraliseer hulle (vers 18). Dit klink vir my alte veel na die taktiek van moderne god-loënaars.

Is ons geloof dan uit die duim gesuig? Nee! Christus is die onomstootlike bewys dat God lewe en ons liefhet.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026